higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

N470**(A)**(J4)H

NASIONALE SERTIFIKAAT

ENTREPRENEURSKAP EN ONDERNEMINGSBESTUUR N5

(Tweede Vraestel)

(4090315)

4 Junie 2018 (X-Vraestel)
09:00–11:30

OOPBOEKEKSAMEN

Sakrekenaars mag gebruik word.

Kandidate mag 5 verwysingswerke in die eksamenlokaal inneem.

Hierdie vraestel bestaan uit 7 bladsye.

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
ENTREPRENEURSKAP EN ONDERNEMINGSBESTUUR N5
(Tweede Vraestel)
TYD: 2½ UUR
PUNTE: 150

LET WEL: Indien jy meer as die vereiste getal vrae beantwoord, sal slegs die vereiste getal nagesien word. Trek ALLE werk dood wat jy NIE wil laat nasien NIE.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord enige DRIE vrae.
2. Lees AL die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. GEEN punte sal toegeken word vir werk wat direk uit teksboeke gekopieer is nie.
5. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

LET WEL: Beantwoord enige DRIE van die vier vrae.

VRAAG 1

Koba Mathe het sy vervoeronderneming op die ouderdom van 20 begin, nadat sy ouers in 'n motorongeluk gesterf het. Sy onderneming is geleë in die Phomolong-township in die Vrystaat. Koba het 15 mense in diens en hy is tans een van die enkele jong entrepreneurs in die vervoerbedryf. Studente, skoolkinders en werkers word op 'n daaglikse basis deur die onderneming na hul bestemmings vervoer. Koba besit vyf busse, ses taxi's en drie klein motors. Hy wil sy onderneming na ander dele van die land uitbrei.

1.1 Noem en verduidelik SEWE stappe wat Koba Mathe kan toepas om beter selfbestuur in sy onderneming te verseker. (7 × 3) (21)

1.2 Koba kan nie besluit of hy sy onderneming na ander dele van die land moet uitbrei, en of hy drie bykomende werknemers in diens moet neem nie.

Verduidelik aan Koba Mathe die stappe wat hy moet doen in die besluitnemingsproses om hom te help om die probleem op te los. (8 × 2) (16)

1.3 Verduidelik hoe elk van die volgende direkte eksterne omgewingsfaktore Koba se vervoeronderneming kan beïnvloed:

1.3.1 Klante

1.3.2 Verskaffers

1.3.3 Mededingers

1.3.4 Regering

(4 × 2) (8)

1.4 Verduidelik aan Koba hoekom dit belangrik is om oor 'n goeie kennis van die Wet op Basiese Diensvoorwaardes te beskik. (5 × 1) (5)

[50]

VRAAG 2

2.1 Stel 'n advertensie op wat Koba kan gebruik vir die pos van drywer vir sy nuwe 56-sitplekbus. (10)

2.2 Adviseer Koba oor hoe hy elk van die faktore hier onder kan gebruik om sy werknemers te motiveer.

2.2.1 Werkstoestande

2.2.2 Behoeftevoorsiening

2.2.3 Bestuurstyl

(3 × 4) (12)

Kopiereg voorbehou

2.3 Hoe kan Koba sy vervoeronderneming gebruik om sosiaal tot die ekonomiese ontwikkeling van die gebied by te dra? (5 × 2) (10)

2.4 Koba gaan met vakansie en beplan om sommige van sy verantwoordelikhede aan Tau Lesesa, sy bestuurder, te delegeer.

Wat is die belangrike faktore wat Koba Mathe in ag moet neem wanneer hy pligte aan Tau Lesesa delegeer? (8)

2.5 As een van sy gedelegeerde pligte is Tau gevra om 'n bemarkingsadministrateur aan te stel.

Help hom om 'n posspesifikasie op te stel vir die pos van bemarkingsadministrateur. (10)
[50]

VRAAG 3

Verwys na die finansiële state hier onder en beantwoord die vrae.

LET WEL: Gebruik die syfers ná belasting en toon AL die berekeninge.
40% van ALLE verkope is op krediet.

INKOMSTESTAAT VAN KM TRADING VIR DIE JAAR GEËINDIG 28 FEBRUARIE 2018	
Verkope	R 675 500
Koste van verkope	R 250 000
Bruto wins	R 425 500
Minus bedryfsinkomste	R 105 500
Netto wins voor belasting	R 320 000
Minus belasting	R 20 120
Netto wins na belasting	R 299 880

BALANSSTAAT VAN KM TRADING VIR DIE JAAR GEËINDIG 28 FEBRUARIE 2018		
VASTE BATES		380 000
Land en gebou	270 000	
Voertuie	110 000	
BEDRYFSBATES (‘CURRENT ASSETS’)		730 000
Voorraad (‘Stock’)	280 000	
Debiteure	150 000	
Kontant	300 000	
		1 110 000
AANWENDING VAN KAPITAAL		
Kapitaal aangewend		690 000
Eienaarskapitaal		
Kapitaal	390 120	
Plus: Netto wins	299 880	
Langtermynlaste	314 000	
Krediteure	314 000	
		1 110 000

3.1 Bereken die opbrengs op belegging. (5)

3.2 Bereken die kort-termyn likiede posisie van die onderneming (bedryfsverhouding (‘current ratio’)). (5)

3.3 Het die onderneming genoeg kontant om sy skuld te betaal?
WENK: Vuurproefverhouding, gemiddelde invorderingsperiode (10)

3.4 Gee VYF gehaltebeheerstelsels wat KM Trading moet daarstel om die onderneming te bestuur. (5 × 2) (10)

3.5 Verduidelik VYF faktore wat die aankoopbestuurder van KM Trading in ag moet neem wanneer daar beplan word om voorraad vir die onderneming aan te koop. (5 × 2) (10)

Kopiereg voorbehou

3.6 Verduidelik hoe die volgende eksterne faktore die besigheid van KM Trading kan beïnvloed:

3.6.1 Tegnologiese kragte

3.6.2 Internasionale kragte

3.6.3 Kulturele kragte

3.6.4 Ekonomie

3.6.5 Gemeenskap

(5 × 2) (10)
[50]

VRAAG 4

4.1 Verwys na die BEKNOPTE BELASTINGGIDS hier onder en beantwoord die vrae.

BEKNOPTE BELASTINGGIDS

Saamgestel deur die Suid-Afrikaanse Inkomstediens

INKOMSTEBELASTING INDIVIDUE EN ONDERNEMINGS

Belastingkoers (jaar van aanslag eindigende 28 Februarie 2016)

0–180 000	18% van die belasbare inkomste
180 001–282 650	32 400 + 25% van belasbare inkomste bo 180 000
282 651–384 520	58 063 + 30% van die belasbare inkomste bo 282 650
384 521–580 850	126 779 + 35% van die belasbare inkomste bo 384 520
580 851–670 780	160 952 + 38% van die belasbare inkomste bo 580 850
670 781 en hoër	196 924 + 40% van die belasbare inkomste bo 670 780

BELASTINGKORTINGS

Primêr	R20 546
Sekondêr (persone 65 en ouer)	R19 574
Tersiêr (persone 70 en ouer)	R5 090

Help Koba Mathe om die jaarlikse belasting en die maandelikse belasting te bereken wat deur elk van die volgende persone aan die SAID verskuldig is:

4.1.1 James, 'n 45-jarige drywer, met 'n jaarlikse salaris van R195 800

4.1.2 Bonki, 'n 65-jarige busdrywer, met 'n jaarlikse salaris van R195 800

4.1.3 Peterson, 'n 72-jarige werkswinkelbestuurder, met 'n jaarlikse salaris van R195 800

(20)

4.2 Shabalala het sopas haar studies in Ondernemingsbestuur voltooi. Sy beplan 'n loopbaan in die toerismebedryf aangesien sy van die kus afkomstig is.

Hoe kan sy die volgende metodes gebruik om meer mededingend te word?

4.2.1 Potensiële nuwe toetreders

4.2.2 Reklamepromosies

4.2.3 Verbetering van produkte/dienste

4.2.4 Prysmededinging

4.2.5 Klantediens

(5 × 2) (10)

4.3 Verduidelik aan voornemende entrepreneurs die aard van elk van die volgende:

4.3.1 Wet op Basiese Diensvoorwaardes

4.3.2 Ongevallewet ('Workmen's Compensation Act')

4.3.3 Wet op Arbeidsverhoudinge

4.3.4 Werkloosheidsversekeringsfonds

4.3.5 Wet op Masjinerie en Beroepsveiligheid

(5 × 4) (20)
[50]

TOTAAL: 150

Kopiereg voorbehou